Verwysing: 20211013-6708
Lêerno.: 12/2/8/2
Navrae: J Klaaste-Salmans
P Smit

Kurrikulum AOO-minuut: 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale

Onderwerp: Finale lyste van voorgeskrewe en voorgestelde boeke vir Literatuurstudie vir graad 7 tot 9 in 2022

1. Volgens die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Tale in die Senior Fase (graad 7 tot 9), moet leerders die "formele studie van literêre tekste", asook kortverhale, romans, poësie en drama onderneem.

2. Die finale lyste met voorgestelde boeke vir Literatuurstudie in graad 7 tot 9 vir 2022 word aangeheg.

3. Skole word aangeraai om Institusionele Hulpbronondersteuningsminuut: 0005/2013, gedateer 23 April 2013, te raadpleeg wanneer hulle beplan om die finale literatuurlyste vir 2022 wat hierby aangeheg is vir die aankoop van letterkunde te gebruik.

4. Skole moet kennis neem dat hierdie lyste bedoel is om taalonderwysers vir graad 7 tot 9 te help met hulle keuse van literêre tekste. Baie tekste sluit vrae, toepassings en notas in om leerders te ondersteun. Daar is ondersteuning op die internet beskikbaar vir sommige van die titels by http://education.slims.gov.za/desktop/desktopewc.

5. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-10-26